# Toetrede

## Liturgie van die Lig

Doopbediening aan Nadia van der Merwe (gebore 17 Oktober 2011)

# Woorddiens

## Lesing 1: Handelinge 8:26-40 (1953)

26 EN 'n engel van die Here het met Filippus
gespreek en gesê: Staan op en gaan na die suide
op die pad wat afloop van Jerusalem na Gasa. Dit is
'n eensame pad.
27 Toe het hy opgestaan en gegaan. En daar was 'n
man van Ethiópië, 'n hofdienaar, 'n staatsamptenaar
van Kandacé, die koningin van die Ethiópiërs, wat
oor al haar skatte was en na Jerusalem gekom het
om te aanbid.
28 En hy was op die terugreis en het op sy wa gesit
en die profeet Jesaja gelees.
29 Toe sê die Gees vir Filippus: Gaan daarheen en bly
by daardie wa.
30 En Filippus het daarheen gehardloop en hom die
profeet Jesaja hoor lees; en hy sê: Verstaan u wel
wat u lees?
31 En hy antwoord: Hoe kan ek tog as niemand my
die weg wys nie? Toe vra hy Filippus om op te klim
en by hom te kom sit.
32 En die gedeelte van die Skrif wat hy besig was om
te lees, was dít: Soos 'n skaap is Hy gelei om geslag
te word, en soos 'n lam wat stom is voor die een wat
hom skeer, so maak Hy sy mond nie oop nie.
33 In sy vernedering is sy oordeel weggeneem, en
wie sal sy geslag beskrywe? Want sy lewe word van
die aarde weggeneem.
34 En die hofdienaar antwoord en sê vir Filippus: Ek
bid u, van wie sê die profeet dit, van homself of van
iemand anders?
35 En Filippus het sy mond geopen en van hierdie
Skrif af begin en die evangelie van Jesus aan hom
verkondig.
36 En terwyl hulle voortreis op die pad, kom hulle by
water; en die hofdienaar sê vir hom: Daar is water;
wat verhinder my om gedoop te word?
37 Toe sê Filippus: As u glo met u hele hart, is dit
geoorloof. En hy antwoord en sê: Ek glo dat Jesus
Christus die Seun van God is.
38 En hy het beveel dat die wa moes stilhou; en hulle
het altwee in die water afgeklim, Filippus en die
hofdienaar; en hy het hom gedoop.
39 En toe hulle uit die water opklim, het die Gees van
die Here Filippus skielik weggevoer, en die
hofdienaar het hom nie meer gesien nie, want hy het
sy weg met blydskap gereis.
40 Maar Filippus is in Asdod gevind. En hy het die
land deurgegaan en die evangelie verkondig in al die
stede, totdat hy in Cesaréa gekom het.

## Lesing 2: Johannes 15:1-8 (1953)

1 EK is die ware wynstok, en my Vader is die
landbouer.
2 Elke loot wat in My nie vrug dra nie, neem Hy weg;
en elke loot wat vrug dra, dié maak Hy skoon, sodat
dit meer vrug kan dra.
3 Julle is alreeds rein deur die woord wat Ek tot julle
gespreek het.
4 Bly in My, soos Ek in julle. Net soos die loot geen
vrug kan dra van homself as dit nie in die wynstok
bly nie, so julle ook nie as julle in My nie bly nie.
5 Ek is die wynstok, julle die lote. Wie in My bly, en Ek
in hom, hy dra veel vrug; want sonder My kan julle
niks doen nie.
6 As iemand in My nie bly nie, word hy uitgewerp
soos die loot en verdroog, en hulle maak dit
bymekaar en gooi dit in die vuur, en dit verbrand.
7 As julle in My bly en my woorde in julle, sal julle vra
net wat julle wil hê, en julle sal dit verkry.
8 Hierin is my Vader verheerlik, dat julle veel vrug dra;
en julle sal my dissipels wees.

## Broodjies vir die Pad

Intellectuals and artists concerned with faith and belief tend to underestimate the radical, inviolable innocence required. We read and read, write long elaborate essays and letters, engage in endlessly inflected philosophical debates. We talk of poetry as prayer, artistic discipline as a species of religious devotion, doubt as the purest form of faith. These ideas are not inherently false. Indeed there may be a deep truth in them. But the truth is, you might say, on the other side of innocence—*permanently*. That is, you don't once pass through religious innocence into the truths of philosophy or theology or literature, any more than you pass through the wonder of childhood into the wisdom of age. Innocence, for the believer, remains the only condition in which intellectual truths can occur, and wonder is the precondition for all wisdom.

◆◆◆

To be innocent is to retain that space in your heart that once heard a still, small voice saying not your name so much as your nature, and the wherewithal to say again and forever your wordless but lucid, untriumphant but absolute yes. You must protect this space so that it can protect you. You must carry it with you like the most precious cup of trembling through whatever milieu in which you find yourself: the superficialities and skepticism of secularism, the numbing certainties of fundamentalism, the sterile sophistication of so much scholastic theology. Something in you must remain in you, voiceless even as you voice your deepest faith, doubt, fear, dreams . . .

Christian Wiman

http://www.hds.harvard.edu/news-events/harvard-divinity-bulletin/articles/o-thou-mastering-light

In his amazingly fecund essay Corpus, Jean-Luc Nancy notes that today there are "More than five billion bodies. Soon to be eight billion." However, he insists, "Humanity becomes tangible: but what we can touch isn't 'mankind,' it's precisely not this generic being.... (p. 83) More than any theories (or even theologies) about the individual there is the prima facie evidence of an actual physical body one at a time and place. Nancy writes, "bodies are more visible than any revelation." (p. 59) From that admission flows, directly, the requirements of one person to another. He also writes, "Beyond the body, there's no evidence.... Bodies are evident-- and that's why all justice and justness start and end with these. Injustice is the mixing, breaking, crashing and stifling of bodies, making them indistinct (gathered up in a dark center, piled up to eliminate space between them, within them.... (p. 47)

The analogy of the vine/branches/fruit/Vine grower provides a peek which, once glimpsed, cannot be forgotten of the possible relationship between God, you and others, a relationship of spontaneous generosity, of eagerly sharing Life. But then that snap shop of just two individuals-- Philip and the African-- ground the memory of that analogy, just like spectacular lightning in the sky must find some conduit to ground itself in the earth. The beautiful analogy is meaningless if it does not inspire one person to share her good news with one other person in word and deed. "...All justice and justness begin and ends with" the actions of actual, individual bodies here and now.

http://sacraconversazione.blogspot.com/2009/04/fifth-sunday-of-easter-year-b.html

## Brood vir die Pad

### 'n Model in die plek van futlose versoening

deur Wilhelm Jordaan

Van 1994 tot nou word sporadies geteoretiseer, gepraat, geskryf en gestry oor die gepaste vorm en inhoud van versoening in Suid-Afrika.

KykNET se program oor Emily Hobhouse (1860-1926) – as deel van 'n reeks oor "formidabele vroue" in die Afrikaner se kultuurgeskiedenis – help om versoening opnuut én prakties te verstaan.

Ver anderkant die bitterbekkigheid, ontkennings, praatjies vir die vaak en gevleuelde versoeningsretoriek.

Minstens vyf dinge oor Hobhouse se bydrae tot versoening tussen Boer en Brit tydens en ná die Anglo-Boereoorlog val op:

Eerstens het Hobhouse haar volledig en empaties met die lot van Afrikaners vereenselwig. Sy skryf byvoorbeeld: "... the constant renewed picture of women and children homeless, desperate and distressed, formed and fixed itself in my mind and never once left me.

It became my abiding thought. I saw myself amongst the sufferers bearing relief." Juis daarom het mense haar beskryf as die "engel uit 'n verre land"; 'n "Boer in Britse gedaante".

Tweedens het dié vereenselwiging gelei tot intens persoonlike kommunikasie met die lydendes.

Sy wou hê Afrikaners moes met haar in hul eie taal oor hul lyding en ontbering praat. Sy het die belemmering dat sy Engelssprekend was en die "taal van die vyand" gepraat het oorkom deur fyn te luister sodat sy Afrikaans (destyds "Dutch") kon verstaan en praat.

Dikwels het sy saam met Afrikanervroue plat op die grond gaan sit om na hul verhale van ontneming te luister. So skryf sy: "... we cried together, and even laughed together and chatted bad Dutch and English all afternoon."

Derdens het Hobhouse klem gelê op projekte wat selfstandige eiehulp en die belewenis van selfbevoegdheid te midde van ellende bevorder – veral ná die oorlog, toe die verarmde en ontredderde boeregesinne na hul afgebrande en verwoeste plase teruggekeer het.

Sy het byvoorbeeld spanne osse en saad laat aankoop sodat die terugkerende boere kon ploeg en saai.

Vierdens het Hobhouse besef mense wat vasgevang is in uiterste materiële armoede en geestelike ontreddering hunker steeds na menswaardige behandeling. Daarom was haar optrede gekenmerk deur uiterste deernis en respek.

Vyfdens het Hobhouse gevoel sy is persoonlik verantwoordelik vir die leed wat haar Engelse volksgenote Afrikaners aangedoen het.

In 'n roerende toespraak ná die oorlog by 'n sinodesitting van die Kaapse NG Kerk aanvaar sy, namens haar volk, die morele verantwoordelikheid vir die oorlog en vra om vergifnis.

In Suid-Afrika is die beloofde versoening ná apartheid dikwels futloos.

'n Mens kan maar net hoop Hobhouse se soort "versoeningsmodel" word opnuut 'n wydlopende begeestering wat elkeen op eie werf uitleef – volgens eie vermoë, middele, verbeelding en daadkrag.

http://www.beeld.com/rubrieke/wilhelmjordaan/n-model-in-die-plek-van-futlose-versoening-20120501?mobile=true

### Versoening vra 'n offer

deur Nelus Niemandt

Enige predikant wat al jare lank in 'n gemeente dien, weet byna al die lidmate het al die een of ander seerkry ervaar. 'n Nuwe dominee sal ook gou agterkom dat elke mens 'n storie van pyn en teleurstelling kan vertel: 'n Huwelik wat onder die druk geswig het; kinders wat lelike dinge sê; iemand by die werk wat die lewe ondraaglik maak; slagoffers van misdaad en politieke geweld. Pyn loop soos 'n seer senuwee deur gesinne, families, kerke en selfs politieke groeperings in ons land. Hoe werk vergifnis en versoening nadat 'n mens sulke pyn ervaar het? Waar hou geregtigheid op en waar begin vergifnis en hoe steek die twee in mekaar?

Prof Miroslav Volf is 'n Serwiese teoloog wat vervolging en seerkry besonder diep ervaar het. Hy word wêreldwyd gerespekteer vir sy nadenke oor versoening en sy teologie van omhelsing (embrace). Sy lesing oor versoening en vergifnis (Forgiveness, reconciliation and justice) kan ou en nuwe dominees en die kerk baie help. Daarin sê hy nadenke oor die saak begin by die kruis van Jesus Christus. By die kruis leer ons die lewende God ken as 'n God wat sy son oor goeies en slegtes laat skyn en as die God van onvoorwaardelike liefde wat sy lewe aflê vir goddelose mense. In die lig van hierdie nadenke oor die kruis maak Volf vier stellings oor versoening en geregtigheid.

Die beginpunt van alle versoening is die wil om met ander te versoen en dinge reg te maak. Juis omdat God onvoorwaardelike liefde bewys, kan Christene nie anders nie as om versoening na te jaag. Die wil om iets te doen, gaan oor bereidwilligheid; die wil en bereidheid om onsself aan ander te gee en ruimte in ons lewe te maak vir ander mense. Hierdie wil maak geen onderskeid tussen mense nie – ook nie in terme van mense wat jou te na gekom het nie. Dit help ook nie om die mensdom in te deel in terme van een groep wat onskuldig is en geen foute het, en 'n ander groep wat al die foute maak en al die skuld dra nie. Die wil om te versoen beteken ons wil van die wêreld – waarin goed en kwaad, reg en onreg, skuld en onskuld vervleg is – 'n beter plek maak.

Geregtigheid is 'n voorwaarde voordat versoening kan plaasvind. Volf maak 'n belangrike onderskeid tussen die wil om versoening te soek en die daad van versoening. Die grondhouding is 'n basiese ingesteldheid om versoening, ongeag alles, na te jaag. Wanneer dit by die praktiese toepassing kom, wanneer ander mense, om Volf se taal te gebruik, in versoening omhels word, moet die verkeerde dade reggestel word. Geregtigheid moet geskied. Dit is nooit 'n soort geregtigheid waar 'n oog vir 'n oog en 'n tand vir 'n tand geëis word nie, want dan is geen vergifnis nodig nie. Dit is eerder 'n soort geregtigheid wat verhoudings wil herstel en vrede in die wêreld wil bring. Dit help niks om jakkalsdraaie rondom die saak van geregtigheid te hardloop nie – versoening beteken daar moet iets aan geregtigheid gedoen word.

Die wil om te versoen vorm ook die raamwerk waarbinne geregtigheid nagejaag word. Sonder die gewilligheid om Jesus se voorbeeld van onvoorwaardelike liefde te volg, gaan beide partye aandring op die meriete van hulle standpunte. Dan sal die pyn en stryd aanhou. Volf beskryf daarom hierdie diep aandrang tot versoening as ware liefde. Ware liefde maak dat jy die ander kant en jouself leer ken deur die oë van die ander! Wanneer mense in konflik vasgevang is en op geregtigheid aandring, moet hulle ten diepste meer as geregtigheid soek – hulle moet smag na vrede en versoening.

Die einddoel van die strewe na geregtigheid gaan oor meer as om net te sorg dat elke persoon kry wat hom toekom. Nog belangriker is om verhoudings te heel en te herstel, anders gaan die konflik eenvoudig aanhou tot een van die partye "gewen" het. Selfs die stryd vir geregtigheid gaan om versoening, anders maak geregtigheid geen sin nie.

Herstellende geregtigheid is deel van die versoeningsproses tussen die vier kerke in die NG Kerkfamilie. Ek is oortuig dat Volf se fyn aanvoeling oor versoening en geregtigheid ook daardie gesprekke kan help en uiteindelik kan bydra dat die einddoel bereik word – die herstel van verhoudings en volledige eenheid tussen die vier kerke. Volf sê versoening en geregtigheid gaan daaroor om 'n gemeenskap tot stand te bring waar mense mekaar aanvaar, erken as medemense en in liefde aan mekaar behoort. Dit is net moontlik wanneer versoening voorop staan sonder dat geregtigheid nagelaat word.

http://74.54.26.123/~kerkbode/?p=202

## Wegsending

Liefdegawes

Mededelings

Doof van die Kerse

Seën

wynandnel@iafrica.com

082 901 5877